



# Lot se vrou

# Te verknog aan haar goed

*Genesis 19:1-28*

Materialisme is die wêreldbeskouing waarin die waarde van alles en almal in terme van geld en rykdom gemeet word. Op ’n

manier is ons almal kinders van ’n materialistiese samelewing, en daarom kom ons dikwels nie eers agter dat ons óók ’n prooi van hierdie siek verskynsel geword het nie. ’n Ryk man van die bodorp sal ook by óns meer respek en agting kry as die versukkelde man van die onderdorp, nie omdat hy noodwendig ’n beter mens is nie, maar bloot omdat sy geld en blyplek aan hom groter status gee. In die fliek “Fiddler on the Roof” sing Tevje daarvan in die liedjie “If I were a rich man”. Hy sê as hy ryk was, sal almal na hom kom vir raad, nie omdat hy slim is nie, maar, sê hy, as jy ryk is, dink mense jy is wys ook …

***

“Maak nou gou, Vrou!” por Lot haar vir die soveelste keer aan, maar sy laat haar nie aanjaag nie. Dis háár huis, en háár goed. Sy kyk weer om haar in die vertrek. Die dowwe lig van die lampies laat die skadu’s dans op die kosbaarhede wat sy op die tafel gepak het. Haar hele lewe lê voor haar uitgestal. Daar is die fyn porselein wat sy uit Tirus laat kom het, en die pragtige koperbeeldjie wat sy in die mark in Jerusalem gekoop het toe sy eenkeer saam met Lot daar was. Haar hand gly liefderik oor die bonkige tafel van sederhout, ingevoer uit Libanon.
“Dis al byna sonop!” kom Lot se stem, half histeries hierdie keer. “Die mans sê as ons nie nou gaan nie, kan ons dit maar los.”
“Is Kedar en Logmar al hier?” Dis hulle dogters se verloofdes. Lot het hulle gewaarsku dat die stad verwoes gaan word en gevra om saam met hulle te vlug.
“Nee. Maar ons kan nie langer wag nie.” Hy kyk half verdwaas na die goed wat sy bymekaargeskraap het. “Hoe dink jy gaan ons dit alles saamgeneem kry? Dis minstens tien donkievragte!”
Sy trek haar skouers op. “So? Jy het genoeg donkies.”
Haar man kom voor haar staan en sit sy hande op haar skouers. Hy skud haar asof hy haar tot haar sinne wil ruk. “Daar is nie tyd om die donkies te gaan haal nie. Ons moet nóú gaan, en nie ’n oomblik later nie.”

Sy vou haar arms voor haar bors en maak haar rug styf. “Ek gaan nêrens sonder hierdie paar goedjies nie, en dis klaar!” Sy skud sy hande van haar skouers af en tel die wynkruik met die fyn druiwemotief van die tafel af op. “Weet jy hoeveel ek hiervoor betaal het? Dertig sikkels silwer! En jy wil hê ek moet die net so agterlaat, dat ander kan kom en dit kan vat?” Sy skud haar kop beslis. “Nee, my man, hierdie kruik en al hierdie goed gaan saam, en klaar!”
Lot lig sy hande pleitend op. “Maar verstaan jy dan nie …”
“Ek verstaan maar alte goed. Twee wildvreemde mans kom by ons aan en praat allerhande stories van Sodom en Gomorra wat verwoes gaan word, en jy vreet dit vir soetkoek op. Nou moet ons in die middel van die nag die hasepad kies, nugter weet waarheen.”
“Dis nie wildvreemde mans nie, en jy weet dit. Dis boodskappers van God self.”
“Dis wat jý sê. En jy sal eerder ons twee dierbare dogters opoffer as om hierdie vreemdelinge aan die stadsmense uit te lewer. Ek kry nou nog die ritteltit as ek net daaraan dink. Gelukkig het die stadsmense mannelyf gesoek, anders was ons dogters …”
“Moenie nou weer daarmee begin nie, Vrou! Ons moet gaan.”
“Ja, ja, ek weet, anders word ons saam met die stad verwoes, soos jou kosbare gaste beweer,” val sy hom in die rede, haar stem moeg. “Ek weet nie of hulle van God kom en of hulle die waarheid praat nie. Dit traak my nie wie hulle is nie. Al wat ek weet, is dat jy van my verwag om álles wat vir my lief en dierbaar is, net so te los. Alles. Hoe kan jy dit van my vra?” Sy tel een van die fyngeweefde onderklede van die hopie op die tafel af op en druk haar gesig daarin om die trane te smoor.
“Ons het nie nou tyd om hier te staan en ginnegaap nie. Ons moet uit die stad uit, en sommer nóú.”
“Kry dan minstens vir ons ’n paar donkies, dat ons my goed kan saamvat.”
“Ons kan weer vir jou goed koop. Maar dan moet ons lewendig uit dié plek kom voordat die Here se toorn losbars.”
Een van die vreemdelinge – sy verbeel haar hy het homself

voorgestel as Migael – kom in die vertrek in. Hy maak die hortjies oop en beduie na die horison, waar die donkerte aan die wyk is voor die nuwe dag. “Kom nou!” sê hy dringend vir Lot. “Vat jou vrou en jou twee dogters en kom, anders sterf julle almal saam met die stad.”
Sy gaan sit in een van die stoele – ’n pragtige riempiestoel met ivoor inlegsels – en kruis haar bene voordat sy vir Lot sê: “Sê vir hierdie man ek is nog nie gereed nie. Ek sal kom sodra jy die donkies vir my gaan haal het.”
Net toe kom die ander man ook die vertrek in, met hulle dogters agter hom aan. “Dis tyd. Julle móét nou gaan,” sê hy beslis.
“Sê vir hulle, Lot!” Haar man kan tog so swak wees as daar druk op hom is.
Maar die manne se geduld is op. Hulle trek haar aan die arms uit die stoel uit op en sleep haar agter hulle aan, die huis uit.
“My goed!” kerm sy, maar hulle hoor nie.
Toe hulle buite die stad is, sê Migael: “Vlug vir julle lewe! Maak dat julle hier wegkom voordat die oordele van die Here die stad tref! Moenie êrens langs die pad stop om te rus nie. Moenie eens omkyk nie, want dan sal die toorn van die Here julle ook tref! Sorg dat julle in die berge kom, want daar sal julle veilig wees.”
“Asseblief tog, Meneer,” soebat Lot, “ek en my vrou is nie meer jonk nie. Ons sal nooit die berge betyds haal nie. Kan ons nie maar net tot by die klein dorpie daar anderkant vlug nie?”
“Goed,” sê die man, “vlug dan maar soontoe. Ek sal die dorpie ter wille van julle spaar.”
“Dankie, Meneer,” sê Lot, sy stem pateties.
Sy talm nog, want met dié dat die mans hulle so hardhandig uit die stad geboender het, het sy op die ou end niks met haar saamgebring nie. Maar Lot is vreesbevange, en sleep haar aan haar arm agter hom aan. “Kom, Vrou, jy het gehoor wat die mense sê!”
“Gaan jy solank met die meisiekinders vooruit. Ek móét my nuwe

kleed gaan haal. Ek kan nie só kaal padgee nie."
"Nee, Ma, ek gaan saam met Ma," laat hulle oudste hoor. "Ek gaan nie sonder Kedar nie."
Maar Lot wil nie hoor nie. Hy sleep hulle behoorlik agter hom aan, asof iets hom jaag.
"Jy maak my seer!" kla sy.
"As jy belowe om nie om te draai nie, sal ek jou nie so hoef te trek nie." Kortaf, asof hy vir haar kwaad is of iets.
"Gee jy dan nie om dat alles wat vir ons lief en dierbaar is, in Sodom agterbly nie?"
"Júlle is al wat vir my lief en dierbaar is. Die goed in Sodom is net goed. Vervangbaar. Maar julle nie."
Hulle is al naby die dorpie toe Lot uiteindelik haar hand los, en sy haar kans kry. Sy maak of sy haar sandaalgespe vasmaak, sodat hy 'n entjie voor haar uit stap. Toe spring sy om en hardloop terug na haar huis en haar goed. Lot verstaan nie. Hy is 'n mansmens; hy sal nooit verstaan nie. Daar is so baie van die goed wat sy net eenvoudig móét gaan haal.
Sy het seker so 'n honderd treë gehardloop toe die wêreld om haar begin vergaan. Groot skeure verskyn plotseling oral in die aarde, en rook borrel daaruit. Sy sal moet gou maak, voordat haar goed vir altyd onder die grond verdwyn. Sy gee nog 'n paar haastige treë, en steek dan verskrik vas as 'n kolom vuurwarm lawa reg voor haar uit die grond spuit. Dis skielik so verskriklik warm, asof die lug om haar aan die brand geslaan het …

***

Materialisme is so oud soos die berge self. In Jakobus 2:1 e.v. kla Jakobus die gemeente oor hierdie einste saak aan, en in die verhaal van Lot se vrou sien ons hoe gevaarlik dié sonde is. As jou geld en goed jou baas is, tas dit jou oordeel aan en maak dit dat jy die domste dinge aanvang. G'n wonder nie dat Jesus ons waarsku dat ons nie God én Mammon kan dien nie (Matteus 6:24)!

## Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026